HANGKLIP SE BASAAR

Indien u enige bruikbare huishoudelike artikels het wat in onbruik is, bel Wolfgang Steinbach , 0828236821. Hy sal dit gratis kom haal.

Daar is ook weer heerlike wildswors gemaak. 100% vleis teen 'n spesiale afslagprys – net R80 per kg.
Kleinmonders kan hul bestellings plaas en indien daar meer as 10kg bestel word, sal dit by die kerkkantoor afgelewer word.
Bel die kerkkantoor (028 271 3470 Kleinmonders)
of Riekie Nel by 0847044412.

VROUEMIDDAG

Ons gemeente se vroue kuier op Dinsdag 13 Augustus om 15:00 heerlik saam in die kerksaal. Die tema is:
Wees barmhartig teenoor jouself.
Almal is baie welkom.
En bewys barmhartigheid deur 'n nie-bederfbare artikel saam te bring vir die koskas.

DIE PLAN

Ds. Hendrik Saayman bied oor twee Donderdae, 22 en 29 Augustus, hierdie kursus in die kerksaal aan van 16:00 tot 18:00. Alle lidmate is baie welkom om dit by te woon. Dit is veral baie belangrik dat wyksouderlinge en dienswerkers dit moet bywoon. Dit is R10 per persoon. Toe dit by 'n vorige geleentheid aangebied sou word, het 'n aantal lidmate reeds ingeskryf. Hulle name is steeds op die lys. Tee word voor die tyd bedien.

Die kursus is reeds met groot sukses in Hangklip aangebied. As daar Hangklip-lidmate is wat wil inskakel, is hulle baie welkom.

KERKKLOK

KLEINMOND BETTYSBAAI PRINGLEBAAI ROOIELS

11:08:2019

Welkom by die erediens

09:00	**Sentrum**	**Ds. Daan Botha**
09:30	**Kerkgebou**	**Ds. Ben de Wet**

Deurkollekte: Dickey Webbfonds

Eredienste 18 Augustus 2019
NAGMAAL

09:00	**Kerksaal**
09:00	**Hangklip-Sentrum in Bettysbaai**
09:30	**Kerkgebou**

Deurkollekte: Fynbospark

DEMENSIE ONDERSTEUNINGSGROEP

Die groep vergader 22 Augustus om 10:00 by FYNBOSPARK (Ingang einde van Geelhoutlaan). Bel Madeleine 082 434 7377 vir besonderhede.

INTERKERKLIKE GEBEDSGELEENTHEID

15:30 Sondag 18 Augustus by die VG Kerk. Almal welkom

Kerkkantoor 028 271 3470 ngkkleinmond@gmail.com
www.ngkkleinmond.co.za
Ds. Steven Sass 072 352 8347
sasssteven@hotmail.com
Dr. Chris Malan 072 198 7279

O
W

Ons dink aan almal wat ons gebede baie nodig het
Ons dink veral aan Ezette Swanepoel: PM1,
Riti Turner: KB1 (☎0793862695),
Tweenitha Coetzee: KB1 (☎3440), Hilda Roets: KB5 (☎5889),
Marie Groenewald: KB3 (☎0722205457),
Kobus de Jager: Sc2 (☎0765348088),
Francois Olivier: BB2 (☎9318), Clara Geldenhuys: KB5 (☎3543).
Suretha Luttig: Ba1 (☎0726068525), Hennie Rall: Bb1 (☎5364)
en Philip Hanekom van PM1 (☎3429).

Ons dink aan die familie van Mike Bartman. Mag hul vertroosting ervaar.

...**EN WAAR DAAR VREUGDE IS. . .**

Baie geluk aan almal wat gedurende die week verjaar.

In die besonder almal wat vandag verjaar. Ons gee ook hul kontaknommer sodat u hulle kan bel.

Gustave Erlank (0824514055 - PM5),
Jeanette Fischer (0835658407 -- Sa1),
Marita Fourie (0282729607 - BB4),
Liza Groenewald (0828342128 - Sc10,
Luchuané Hechter (0829078480 - BB1),
Jantjie Kotze (BB3), Botha Maree (0817694731 - Ba1)

DIE WEEK SE PROGRAM

Sondag	18:00 Bybelskool
Dinsdag	15:00 Gemeente-vroue vergader 16:30 Gebedsgroep
Donderdag	16:00 Kooroefening

VGK HOU LENTETEE

Op Sondag 1 September hou die VGK om 15:00 'n Lentetee as fondsinsameling. Die kaartjies is R50 per persoon en is by die kerkkantoor beskikbaar.

SNOEK-EN-PATAT-FEES

Die jaarlikse snoek&patat-fees word vanjaar op **7 September** gehou. Tuisgemaakte brood en slaai is by die R60 per persoon ingesluit. Poeding teen R10 'n bakkie word ook verkoop. Saterdag 7 September tussen 11:30 en 13:00 kan almal by die saal kom kuier en eet. Almal bring hul eie eetgerei en drinkgoed. Indien verkies kan dit as wegneem-ete gekry word en dan word die houer voorsien.

GEBEDFOKUS

· Ons bid vir die land se politieke situasie en vir die kriminele elemente in Kleinmond: "..Christus regeer nou oor elke vorm van regering of mag of bestuur. Hy is bokant enige rang of ampstitel wat daar vandag mag wees of in die toekoms kan kom. God het Hom die gesag oor alles gegee". (Ef 1:21)

· Ons bid vir mense wat vervolg word omdat hulle in Jesus Christus glo. Vroue word uit hulle families verban en van hulle kinders verwyder om alleen te probeer oorleef in 'n onsimpatieke gemeenskap.

· Ons bid vir mekaar.

VROUE OGGENDTEE SAAM MET BELIA

Kinderwelsyn bied op 17 Augustus om 10:00 'n oggendtee in ons kerksaal aan. Kaartjies teen R120 is by die kerkkantoor beskikbaar.

Ons gemeente se snapscan kode

AGAPE GROEP

Kom kuier saam met ons by die VGK dames in hulle kerk op 17 Augustus en brei vir jou 'n mooi lapel blommetjie om dit te vier. Ons verskaf die breidraad en naalde en 'n lekker koppie tee daarna. Dit begin 15:00. Indien jy 'n saamry geleentheid soek. bel ons asb by:0282713208